Towerlantern Fotografie

fotografienuus

november 2020

Vuur in die bos

Lensopening: f32; Sluiterspoed: 0,8 sekonde; Fokale lengte 300 mm

Bestudeer die instel-besonderhede van ons voorbladfoto en probeer elke waarde verklaar (neem daarvoor die titel in aanmerking).

In hierdie dæ van erge veldbrande in ons land, mœt ons dalk wegbly van titels soos "Vuur" of "Brand" of "Smeul". Maar almal sal tœgee dat brande ook mooi fotogeleenthede oplewer.

Die jaar staan einde se kant tœ. Vra jouself die vraag af: "Waar staan ek met my fotografie?", en gee vir jouself 'n eerlike antwoord. Wees verseker, niemand gaan jou vra om dié vraag hardop te beantwoord nie. Maar laat die antwoord jou wel lei in jou verdere fotobeplanning.

Ons gesels in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* oor verskillende sake, waaronder, "Hœ mœt jy betowering in 'n foto kry?", "Hœ dwing jy 'n kyker om by jou uitgestalde foto's te stop?" en "Mag jy 'n kyker mislei?".

Geniet dit!

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.

voorbladfoto

Ek sê soms vir ons fotografiestudente: Jy kan my omkoop met oranje! Daarmee bedœl ek dat as 'n student wil hê ek mœt iets positief sê oor ingestuurde werke, dan mœt hy/sy net sorg dat daar oranje in die foto is. Die kommentaar sal dan gunstig wees.

As ek myself mœt verdedig, dan sal ek sê die bostaande bewering is darem nie absoluut waar nie. Dalk het ek jou maar net mislei!

Wat wel waar is, is dat elkeen, en in die besonder ons as fotograwe, sekere kleure het wat meer besonders is as ander. Daar is al baie studies gedœn oor die effek van kleure op die kyker. Die fotograaf Eva Polak het byvoorbeeld in haar bœk, *Transcendent Light*, 'n hoofstuk, getiteld *The metaphor of colour*. In hierdie hoofstuk, onder die subtitel *Meaning of colours* is 'n bespreking oor elke kleur: Red, Orange, Yellow, Green, Blue, Purple. Merk jy die reënboog op? Sy sluit dan af met die woorde: "As you can see, each colour has a unique voice that speaks to us on a subconscious level. You can use these associations as symbols to evoke events, atmosphere and ideas."

Mœt daarom nie min dink van die oranje (en swart) in die voorbladfoto nie!

Betowering IN FOTOGRAFIE

Dis reeds bekend, die naam van ons besigheid is nie verniet “Towerlantern Fotografie” nie. Ons wil met die titel “Towerlantern” eerder altyd ons fotografievriende aanmœdig om uitsonderlike foto’s te neem. Mœt nooit tevrede wees met ’n foto wat ’n miljœn ander mense ook sou kon produseer nie. Laat ek wel dadelik sê: Ek sê nie jy mag nie onthoufoto’s neem nie – natuurlik mag, en mœt, dit ook gedœn word. Wat ek wel sê, is dat jy soms ook ernstig mœt wees oor jou fotografie en dat jy dan foto’s mœt neem wat die kyker sal “betower”.

Die vraag is: “Wanneer betower ’n foto en hœ mœt jy jou foto’s neem sodat dit betowering opwek?” Daar is natuurlik baie antwoorde en dit hang ook af van jou eie uitgangspunt. Hier is wenke om dit reg te kry (tœts dit self uit en besluit of dit vir jou gewerk het of nie):

- ✓ Maak sterk gebruik van komposisie: lyne, teksture en kleure.
- ✓ Gebruik ’n groot lensopening om ’n vlak velddiepte te verkry.
- ✓ Gebruik ’n stadige sluiterspœd om “beweging” in ’n foto te kry.
- ✓ Gebruik lensopening- en sluiterspœd-instellings om ’n foto oor of onder te belig. Kry met oorbeligting selfs waterverftonele!
- ✓ Zœm eerder in as wat jou onderwerp net ’n spikkeltjie op die foto is. Vul dus die raam van die foto.
- ✓ Spits jou tœ op informele, ongeposeerde mensfoto’s – in die besonder ook impressionistiese foto’s.
- ✓ Neem makro- (naby-) foto’s en ontdek ’n nuwe wêreld.
- ✓ Neem vrœgoggend of vrœgaand skemerfoto’s; onthou saans ook nagfoto’s met kunsmatige beligting.
- ✓ Neem weerkaatsings af, keer dit om en skep ’n ander werklikheid.
- ✓ Knip (Engels: *crop*) die foto om onderdele te verkry wat interessanter is as die oorspronklik-geneemde foto – kyk na die voorbeelde verder aan.
- ✓ Draai die foto bo/onder of links/regs om, dalk gee dit ’n meer interessante foto as die een waarmee jy begin het. .
- ✓ Speel met eksterne beligting om spesiale effekte te kry.
- ✓ Laastens (mœnie lag nie!) mislei die kyker – met die foto, en/of met die titel. Dis in orde, jy skep immers ’n ander werklikheid, soos in die voorbeeld hierby.

Boom met seeskap

RIGLYNE VIR FOTO'S MET BETOWERING

Omdat daar 'n baie groot hœveelheid moontlikhede is vir betowering in foto's, kan ons hier slegs algemene kamera-riglyne gee. Ons gee wel ook riglyne vir fotoverwerking – en daar word niks meer gedœn as die eenvoudigste fotoverwerking nie.

VOORBEREIDING

- ✓ Gebruik 'n driepoot, soos van tœpassing.
- ✓ Neem alle lense saam.
- ✓ Neem minstens 20 foto's van een toneel – mœnie die heeltyd rondvlieg nie.
- ✓ Gebruik jou kamera of selfoonkamera, soos die situasie vereis.

AGTERGROND-INLIGTING

- ✓ Twee kort fotoreekse word hierna gebruik as demonstrasie.
- ✓ Vir die een stel foto's is 'n Canon EOS 80D kamera gebruik; vir die ander stel foto's is 'n Huawei P30 selfoonkamera gebruik.
- ✓ Dit mag wees dat die fotovoorbeelde en beskrywing van die naverwerking jou nie geval nie. Probeer nogtans om betowering in jou foto's te skep.

WERKWYSE

Tipe lens Kies vir 'n begin verkieslik 'n naby toneel en gebruik dan 'n makrolens (andersins enige lens).
Portret-/Landskapformaat Die keuse is om die ewe.
ISO Hou die ISO so laag as wat moontlik is – jy sal dalk baie sny.
Witbalans Kies die korrekte witbalans, en varieer daarna.
Keuse van fokuspunt Besluit op 'n gœie fokuspunt, en varieer dit gedurende die fotosessie.
Lensopening Gebruik die grootste lensopening om gœie beligting, maar veral 'n baie vlak velddiepte, te kry.
Sluiterspœd Gebruik die liniaal vir die korrekte beligting. Gaan daarna verder met klein variasies na ligter of donkerder.
Fyn fokussering Wees presies met fyn fokussering.

Towerlantern Fotografie
- november 2020 -

NAVERWERKING

RIGLYNE

VIR FOTO'S MET BETOWERING

✓ Laai die foto's van jou kamera of selfoonkamera af op 'n rekenaar, ter wille van 'n groter skerm.

✓ Kies foto's wat lyk asof dit betowerende moontlikhede (toneeltjies) bevat (foto's regs).



✓ Sny dele weg; roteer, draai, keer om, sny nog dele weg om 'n betowerende toneel te kry (foto's links).

✓ Speel na hartelus rond en wees skeppend. Gee 'n titel wat die kyker totaal mislei.

✓ Stoor jou skeppings, maar behou die oorspronklikes.

JOU PRENTE OP 'N *uitstalling*

Die Russiese komponis Modest Mœssorgski (Engels: *Modest Mussorgsky*) het gedurende 1874 'n klavierwerk geproduseer met die naam *Prente op 'n uitstalling*. Later het Maurice Ravel dié werk georkestreer. Die werk is 'n musikale uitbeelding van 10 skilderye van sy vriend Viktor Hartmann, op 'n uitstalling. Tussen sommige van die 10 werke is 'n *Promenade*, wat 'n besœker se beweging van een skildery na die volgende uitbeeld.



Vanuit ons oogpunt het die musiekbeskrywing van die 10 skilderye nogal vreemde titels, waaronder *Ballet van die onuitgebrœide kuikens* en die *Hut op hennepote*. Die bekendste, en laaste, skildery-uitbeelding is *Die groot poort van Kief*. Die oorspronklike skildery word hier afgebeeld.

As jy of iemand na aan jou 10 van jou foto's op 'n uitstalling mœt uitstal, sal daar werke wees waarop jy trots is? En by wyse van spreke, sal jou werke só besonders wees dat dit musikaal verwoord kan word?

Ons kan ook vra: Watter titels sal gepas wees (sekerlik nie *Hut op hennepote* nie!)? En, by watter van jou prente gaan die besœker tydens sy/haar *Promenade* stilstaan en by watter sommer net verby stap?

Die beste manier om jou besœker by elk van jou 10 prente te laat stilstaan (en tweekeer te laat kyk) is dat jou foto's trefkrag mœt hê. Sorg dat jou foto's so 'n kragtige werk soos *Die groot poort van Kief* het. Luister (en kyk beslis) hierna by: https://youtu.be/b8gs4TozJbQ

Bron: Wikipedia, *Pictures at an Exhibition.*

Towerlantern Fotografie
- november 2020 -

Direk-uit-kamera of Fotoverwerking?

deur Eddie Vorster

Ons almal weet nou al hœ om mooi foto's te neem, of jy nou die beginnerskursus loop of 'n gevorderde-kursus-herhaler is.

Ons mikpunt is altyd om foto's "uitstalwaardig" te kry – sommer terwyl jy dit neem. Dit is dan "Direk-uit-Kamera". (Engels: *Straight out of Camera*, SOC.)

As die foto's van jou kamera af na jou rekenaar oorgedra word, mœt daar amper niks of geen ekstra verwerking gedœn word nie. Onthou wel dat dit nie tel as verwerking om net 'n foto te sny of te draai nie.

Wat is verwerking dan? Sodra mens aan die beligting, kontras en kleur van 'n foto begin verander, dan verwerk jy die oorspronklike. Speel rond met hierdie basiese kamera-instellings, dan is dit baie keer nie nodig om verdere verwerkings te dœn nie.
Maar ons weet ook dit is nie altyd moontlik nie, en dit is dan waar verdere verwerking nodig is. Fotoverwerking speel dan 'n baie groot rol in jou "uitstalwaardigheids"-proses. Wees steeds versigting, want daar is iets soos oorverwerking.

As jy 'n foto verwerk, dan mœt dit 'n dœl hê. As dit begin onnatuurlik lyk, dan het jy te ver gegaan. As fotoverwerking jou enigste uitgangspunt is, dan is daar 'n paar programme om te oorweeg. Die bekendste een is Adobe Lightroom. Dit is gratis beskikbaar op selfone met Android en iOS, maar sekere funksies is dan nie beskikbaar nie totdat jy maandeliks inteken. Snapseed is ook 'n bekende en (heeltemal) gratis.

Die foto's wys 'n voorbeeld van oorbewerking teenoor konserwatiewe bewerking. Die verskil in die kleur van die eerste foto (wat nog binne perke is) teenoor die onrealistiese kleure van die tweede foto kan duidelik raakgesien word.

AANLYNKURSUSSE

Ons gee graag 'n opsomming van die aanlynkursusse wat ons tans aanbied.
Ons bied vier verskillende aanlynklasse in Afrikaans aan:

'n Eerstevlakkursus waarin ons by die heel begin begin. Dié kursus behels sake soos komposisie, lig en kamera-instellings. As jy wonder waar jy mœt begin, dan is dit hier. Die kursus kan enige tyd begin – selfs in die middel van Desember, as jy wonder wat om dan met jouself te dœn of as jy wonder oor Kersgeskenke.
Aantal lesings: 6; prys: R1300.

'n Gevorderdevlakkursus waarin ons die basiese onderwerpe van die eerstevlak verder vœr. Aandag word aan verskeie genres gegee en die lyn word verder deurgetrek na impressionistiese fotografie. Ook hierdie kursus kan enige tyd begin.
Aantal lesings: 8; prys: R1300.

'n Spesialiskursus waarin op enkele onderwerpe (3 tot 4 per kursus) gekonsentreer word. Hierdie kursus word samelopend met die plaaslike kursus aangebied. Die volgende geleentheid is vrœg volgende jaar. Laat *Woudtoneel* jou inspireer.
Aantal lesings: 8; prys: R1300.

'n Selfoonkamerakursus waarin die basiese elemente van fotografie bespreek word, met tœpassing op jou selfoon. In hierdie kursus sal jy meer leer hœ om besondere foto's te neem tot hœ om fotoverwerking op jou selfoon te dœn.
Aantal lesings: 4; prys: R500.

Dœn vir al hierdie kursusse navraag by: johan@towerlantern.co.za

Hou jou e-posse en Whatsapps gedurende die Kerstyd dop vir gœdkoper aanbiedings. Daar is ook die permanente reëling dat daar 'n gœdkoper tarief is as twee persone uit dieselfde gesin aan 'n kursus deel het.

Woudtoneel

Foto-uitstalling by Snowflake

Towerlantern Fotografie het onlangs die geleentheid gekry om in die Snowflake-gebou in Potchefstroom 'n foto-uitstalling te hou. Die ruimte is beperk en slegs 'n paar fotograwe kon ingepas word.

Hiermee word jy uitgenooi om na die uitstalling te gaan kyk. Die besonderhede van die uitstalling is soos volg:
Plek: Snowflake-gebou, Piet Bosmanstraat (Stasieweg), Potchefstroom.
Datum: 2 November tot 19 Desember 2020.
Besoektye:
Maandæ en Dinsdæ: 7:00 tot 21:00
Wœnsdæ: 7:00 tot 16:30
Donderdæ en Vrydæ: soos Maandæ en Dinsdæ.
Saterdæ: 9:00 tot 14:00.
Die uitstalling duur tot 19 Desember.

En as jy gaan, besœk gerus ook die binnenshuise *Re-Charge Coffee* voordat jy die uitstalling besœk. Kyk ook hier na Snowflake se webblad: https://www.snowflakevenue.com/

Onthou steeds ook ons September aanlyn-uitstalling. Dié uitstalling kan permanent besigtig word by: https://youtu.be/mfCJWGmFlpA



OP INTERNET GESIEN

Die foto hierby van Costas Spathis getiteld "Waiting for the bus" laat jou beslis twee keer kyk. En dit is wat 'n foto 'n kunswerk maak en wat jy as fotograaf mœt dœn om by jou uitstalling die bus te stop!

Wys jou net, 'n normale opstelling kan in 'n surrealistiese kunswerk omskep word, deur net die perspektief te verander.

En raai wat, die fotograaf het hierdie foto met sy selfoon geneem! Kontak ons as jy ook 'n meester van jou selfoonkamera wil word – ons bied aanlynkursusse aan.

Gaan maak gerus 'n draai op die fotograaf se Instagram, vir nog besonderse foto's: www.instagram.com/spathumpa/

Planne vorentoe ...

Ons dink daaraan om die volgende in die nabye tœkoms te dœn:

- ✓ Plaaslike klasse: Ons wil steeds voortgaan met ons plaaslike klasse, maar ons sal eers volgende jaar weer daarmee begin.
- ✓ Praktiese uitstappies: Ons het van die helfte van Oktober af laatmiddag praktiese uitstappies begin reël. Dis in die buitelug en buitelig. As jy nog nie kennis hiervan gekry het nie, dœn gerus navraag
- ✓ Aanlynklasse: Alle aanlynklasse gaan soos gewoon voort.

Dœn gerus navraag oor enigiets rondom hierdie sake.

WAT IS LUMINAR?

Een van ons fotografievriende, Josef Steyn, skryf soos volg uit Stilbaai:
Ek gebruik deesdæ die program Luminar, veral as ek die luggedeelte van 'n landskap wil vervang. Ek heg twee foto's aan net om te wys hœ akkuraat die program werk. Die vervanging word met slegs een kliek gedœn. Let op hœ akkuraat dit selfs die fyn veertjies op die kop hanteer.
Daar gaan binnekort 'n opgedateerde Luminar program verskyn. Gaan na www.Skylum.com en kry die skakel na Luminar AI. 'n Mens betaal 'n eenmalige bedrag van $79 (dink ek) en daarna kry jy gereelde gratis opdaterings.

Waar is jy mislei?

Vuur in die bos – sonsondergang, Cachetpark, Potchefstroom
Boom met seeskap – sonsondergang, Centurion
Maanopkoms oor 'n ysplaneet – doudruppels op 'n blom, ons tuin
Ondersese landskap – waterpœletjie, Thabela Thabeng, Vredefortkœpel
Woudtoneel – heilige bambœs met herfsblare, ons tuin (geneem tydens inperking)

Towerlantern Fotografie
- november 2020 -